

# STELLENBERG PINKSTER

Donderdag 28 Mei 2020

Ek glo aan die opstanding uit die dood.

Romeine 5:1-9

Handelinge 28:13-15



Daar is gesegde wat as volg lui: “Alle paai lei na Rome” en dit is waar ons Pinkster reeks ons dan by uiteindelik uitbring – die eerste gelowiges in Rome. Danksy die antieke Romeinse paaie waarop handelaars en soldate beweeg het, het die Evangelie van Jesus gou oor die antieke wêreld versprei soos julle hieronder op pelgrims roetes kan sien.



Ons tema van die dag is: Ek glo in die opstanding van Christus. Hoe help hierdie geloof ons om onsekere omstandighede tegemoet te gaan?


## GEBED

Here, daardie aand in die tuin van Getsemane  
het U met bloedsweet bewys  
dat U vir altyd sal kan saamvoel  
met elke mense wat pyn en die dood vrees,  
met almal wat al ooit bang was.  
en U het daar opgestaan  
en die dood met moed en liefde oorwin  
en teruggekom uit die dood en vir U kinders kom sê:  
“Moenie bang wees nie!” en “Vrede vir julle!”  
In die lig van só 'n liefde en daardie oorwinning  
eet die dood sy angel verloor  
en is vrees sy mag oor ons lewe kwyt.  
Here, help my om, wanneer die vrees weer toeslaan,  
te onthou dat U liefde die sleutel is  
wat die boeie van angs oopsluit.

AMEN

Ons gaan twee teksgedeeltes lees: Handeling 28 en dan later Romeine 5.

Handeling 28 vertel hoe Paulus rondom 60 nC op die *via Appia* in Rome aangekom het. Terwyl ek die teks lees kan julle sy roete op die kaart hieronder volg.



Ons moet onthou dat Paulus as gevangene in Rome arriveer. Hy staan op aanklag dat hy heidene in die Jerusalem tempel ingebring het en is as Romeinse burger na Rome gestuur om homself voor die keiser te verdedig. Kan julle onthou wat met Stefanus gebeur het toe hy die organisasie van die tempel uitgedaag het? Sy gevangenis is egter vir Paulus 'n wonderlike geleentheid en sy reis na Rome word dus vir baie as sy vierde sendingreis beskou. Lees in Handeling 21-28 hoe Paulus hierdie nuwe omstandighede omarm.

In Paulus se gedagte was Rome weer vir hom 'n "nuwe Antiogië" vanwaar hy planne gemaak het om reise na die res van Europa te onderneem. Hy het immer nog planne om Spanje te besoek (Romeine 15:24), maar min het hy geweet dat hierdie pad hom by die einde van sy reise sou uitbring. Beide Paulus en Petrus sterf in Rome iewers rondom die middel van die 60's nC. Hulle dood in Rome word nie in die Nuwe Testament beskryf nie, maar 'n geskrif uit die 2 de eeu bekend as die Handeling van Petrus vertel die volgende verhaal rondom Petrus se dood:

In hoofstuk 35 word vertel hoe keiser Nero rondom die jaar 64 nC Christene in Rome vervolgt het en hoe Petrus uit die stad vlug. Hy het Jesus van voor sien aanstap en vra hom toe: Here, waarheen is U op pad? (Domine, quo vadis?) Waarop Jesus toe antwoord: "Ek is op pad Rome toe om weer gekruisig te word". Die verhaal vertel dat Petrus omgedraai het, terug Rome toe waar hy onderste bo gekruisig is. Die kerk in die foto hieronder is op die plek gebou om die gebeurtenis te herdenk.



In ons reise die afgelope dae saam met die eerste gelowiges, is dit duidelik hoe die Heilige Gees gemeenskappe in moeilike, onbekende en onseker omstandighede gelei het. Maar meer, dit is opmerklik met watter vitaliteit hierdie gemeenskappe geleef het. Die moed en hoop waarmee mense soos Stefanus, Petrus en Paulus geleef het.

Wat het hulle inspireer? Ons sal antwoord: Dis die Heilige Gees. Dit is so, maar die krag van die Heilige Gees kom van die opstanding van Christus. In Romeine 5:1-5 gee Paulus die gelowiges in Rome 'n perspektief daarop. Kom ons lees die gedeelte.

**Quo vadis? O Here, waarheen is u met ons in hierdie hede op pad?**

**Ek glo in die krag van die Here se opstanding.**

- **Swaarkry kweek volharding.** Onthou die woorde wat Jesus sy dissipels in Johannes 16 mee gelaat het (waarmee ons ons reeks begin het). Julle kan in die lewe moeilikheid en swaarkry verwag, maar die Gees sal julle in die waarheid lei. Swaarkry of moeilikheid kan jou bitter, ontevrede en selfgerig maak en verhoudinge met mense om jou baie skade aandoen. Maar die Heilige Gees werk help ons juis om in swaarkry te vervorm en bring in ons reaksies van die vrug van die Gees. Swaarkry kweek volharding!
- **Volharding kweek egtheid van geloof.** In die tye waarin ons uithou en aanhou (volhard) kry ons wysheid en perspektief. Ons sien met tyd dinge in 'n totaal ander lig as voorheen. Dit maak 'n mens nugter en realisties en laat ons dinge sien wat as te ware onsigbaar is (sien definisie van geloof in Hebr. 11:1).
- **Egtheid van geloof kweek hoop.** En hoop help ons om in die onbekende in te beweeg. Dit is baie anders as die hoop wat ons gekoester het dat dinge net weer na normaal sal terugkeer. Wat wonderlik is van hierdie hoop is dat dit ons help om van die vrees van die onbekende ontslae te word. Dit gee ons die moed van Stefanus, Petrus en Paulus om die onbekende te omarm, want dit is nie meer onbekend nie, maar God se toekoms.

## **Ek glo aan die krag van die opstanding van Christus**

### **GEBED**

Here Jesus, u graf en kruis was nie die laaste woord oor U nie.

Dankie dat die donkerte van die onbekende

ook nie die laaste woord oor ons is nie,

omdat U uit liefde vir ons gesterf én opgestaan het!

U weet dat die lewe 'n manier het om ons te breek,

sodat ons nooit weer dieselfde kan wees nie.

Maar dankie, Here Jesus, dat U in staat en gewillig is

om óf ons situasie óf onself so te verander

dat ons bokant die donkerte en verdriet uitkom,

wel met die merktekens van die kruis aan ons,

maar ook tog met iets van die heerlijkheid

van die opstandings lewe in ons.

**AMEN**

Skakel in by Sondag se Pinksterdiens as ons na 'n lang reis saam met die eerste gelowiges na Stellenberg in die jaar 2020 terugkeer.